UILENKRAALSMOND HUURKONTRAK

STANDPLAASNOMMER: .....

HUURKONTRAK AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

OVERBERG DISTRIKRAAD, van Langstraat 26, Bredasdorp 7280.

(hierinlater die Verhuurder genoem)

en

(Volle naam en van) _____

(Adres) _____

(Identiteitsnommer) _____

(Telefoonnommer) (W) _____ (H) _____

(hierinlater die Huurder genoem)

NADEMAAL:

(a) Die Verhuurder die Eienaar is van 'n sekere kampeerterrein en woonwapark opgerig te Uilenkraalsmond (hierinlater die Terrein genoem);

(b) Die Verhuurder bereid is om 'n gedeelte grond wat deel van die Terrein vorm (hierinlater die Standplaas genoem) aan die Huurder te verhuur en die Huurder bereid is om die Standplaas by die Verhuurder te huur;

(c) Die Verhuurder en die Huurder dit eensgesind is oor die voorwaardes waarop daar aldus gehuur en verhuur moet word, mits sodanige voorwaardes op skrif gestel word;

DERHALWE word soos volg ooreengekom:

1. **DEFINISIES:**

Die volgende begrippe en uitdrukkings sal die betekenis hê soos daarna uiteengesit vir doeleindes van die uitleg en vertolking van die Huurkontrak:

1.1. OORDBESTUURDER:

Sodanige persoon wat in diens van die Verhuurder is en wat permanent op die terrein woonagtig is, behoorlik gemagtig om die funksies wat hom kragtens die reëls opgelê is te kan uitvoer en af te dwing.

1.2. REëLS:

Daardie voorskrifte vervat in die Bylae hiertoe, behoorlik onderteken deur die Partye hiertoe, deur die aanbring van hul parawe aan die onderkant van elke bladsy, welke reëls die Huurder se okkupasie van die standplaas op die terrein te alle tye sal orden.

1.3. KAMPKOMITEE :

Persone wat aangewys is deur die kampeerders tydens die algemene jaarvergadering van die Vereniging. Die Kampkomitee het die reg om persone te koöpteer om op die komitee te dien.

2. **HUUR EN VERHUUR:**

Die Verhuurder verhuur hierby en die Huurder huur hierby, standplaas nommer .....

3. **TERMYN**

Die huurtermyn begin op 1 Julie 1999 en duur vir 'n tydperk van NEGE (9) jaar en ELF (11) maande.

4. **HERNUWING:**

Die Huurder kan minstens SES (6) maande voor die verstryking van die termyn in Paragraaf 3 hierbo genoem, die Kontrak vir die volgende termyn hernu. Hernuwing geskied deurdat die Huurder skriftelik aan die Verhuurder by die Verhuurder se adres te Privaatsak X22, Langstraat, Bredasdorp 7280, daarvan kennis gee. Indien sodanige kennis nie gegee word, beëindig die Huurkontrak na die verstryking van die termyn in Paragraaf 3 hierbo genoem.

5. **OORDRAG AAN DERDE:**

Die Huurder kan versoek dat die Verhuurder die Huurkontrak gedurende die huurtermyn aan 'n persoon van die Huurder se keuse oordra. Die oordrag is onderhewig aan die goedkeuring van die Verhuurder en onderhewig aan die bepalings, voorwaardes en huurtydperk vervat in hierdie kontrak.

6. **HUURGELD:**

6.1. Die huurgeld wat die Huurder ingevolge hierdie Huurkontrak moet betaal, is 'n bedrag wat jaarliks deur die Verhuurder vasgestel sal word.

6.2. Sodanige huurgeld is elke SES (6) maande (dit wil sê: twee paaiemente per jaar) vooruitbetaalbaar aan die Verhuurder by sy bovermelde adres, of by sodanige ander adres as waarvan die Huurder skriftelik in kennis gestel mag word. Die eerste paaiement is betaalbaar by datum van aanvang van hierdie kontrak.

6.3. Die jaarlikse huurgeld kan na goeddunke deur die Verhuurder aangepas word ten einde te verseker dat die terrein nie teen 'n verlies bedryf word nie.

6.4. Geen kondonering, verslapping of uitstel wat uitdruklik of stilswyend te eniger tyd deur die Verhuurder toegestaan of toegelaat mag word met betrekking tot die betaling van huurgelde, sal die Verhuurder verhoed om kragtens die bepalings van hierdie Ooreenkoms met betrekking tot kansellasie, op te tree nie.

7. **GEBRUIK VAN STANDPLAAS:**

7.1. Die Huurder moet die standplaas slegs vir die doel van 'n woning gebruik.

7.2. Geen huurder, okkupeerder, gas of persoon onder die Huurder se beheer mag enige aard van handel op die standplaas en/of terrein bedryf nie.

7.3. Niemand mag 'n perseel vir 'n tydperk van langer as SES (6) maande, hetsy ononderbroke of andersins, vir enige tydperk van TWAALF (12) maande bewoon nie.

8. **GEBRUIK VAN INGANGE. PAAIE EN ANDER GERIEWE:**

Die ingange, paaie en ander geriewe op die terrein moet nie deur die Huurder, enige van die okkupeerders van die perseel, gaste of persone wat onder die Huurder se beheer handel, versper word nie. Dit moet deur hulle gebruik word met behoorlike inagneming van die regte wat die ander okkupeerders van die terrein ten opsigte daarvan mag geniet.

9. **HUURDER MOET NIE OORLAS VEROORSAAK NIE:**

Die Huurder moet nie iets doen of laat doen of toelaat dat iets gedoen word wat enige ander okkupeerder van die terrein 'n oorlas aandoen, tot ergernis strek of kan strek nie.

10. **RISIKO EN VERSEKERING:**

Aangesien die Huurder aanspreeklikheid aanvaar vir alle skade wat op die standplaas aan sy eiendom berokken mag word, onderneem die Huurder om persoonlik en op eie koste te reël vir die versekering van sodanige eiendom wat op die standplaas aangebring mag word.

11. **BEPERKING VAN VERHUURDER SE AANSPREEKLIKHEID VIR SKADE VEROORSAAK DEUR LATER ONTSTAANDE GEBREKE:**

11.1. Die Verhuurder is nie teenoor die Huurder aanspreeklik ten opsigte van enige verlies, beskadiging of besering, hetsy van persoon of van goed wat veroorsaak word deur enige gebrek in die standplaas en/of terrein wat gedurende die geldigheidstermyn van hierdie Huurkontrak ontstaan nie.

11.2. Die Huurder onderneem hierby om die reëls vervat in die Bylae hiertoe en die voorskrifte van die Oordbestuurder te alle tye onverwyld na te kom. Die Huurder erken voorts dat die Raad gemagtig sal wees om die reëls in sy eie absolute diskresie te wysig of aan te vul.

12. **HUURDER MOET NIE IN STRYD MET REGSBEPALINGS HANDEL NIE:**

Die Huurder moet nie in stryd handel of toelaat dat daar in stryd gehandel word nie, met enige Wet, Verordening, Regulasie of Opdrag van enige bevoegde instansie betreffende of rakende die standplaas en terrein, of die titelvoorwaardes waarkragtens die Verhuurder die eienaar van genoemde standplaas en terrein is en met die aard waarvan die Huurder hierby erken dat hy vertroud is.

13. **VRYWARING:**

Die Huurder onderneem hierby om die Raad se amptenare en werknemers te vrywaar en gevrywaar te hou teen alle gedinge, stappe, eise, vorderingskoste, skadevergoeding en uitgawes wat aangegaan word as gevolg van enige nalatige handeling aan die kant van die Verhuurder se werknemers of persone wat onder sy beheer handel.

14. **REGSMIDDELE BY KONTRAKBREUK:**

Indien die Huurder in gebreke bly om enige huurgeld voor of op die opeisbaarheidsdatum daarvan te betaal of om enige van die ander bepalings van hierdie kontrak na te kom, het die Verhuurder die reg om die Huurkontrak op te sê en die standplaas weer in besit te neem sonder om afbreuk te doen aan die Verhuurder se reg om die verbetering daarop te verkoop en om onbetaalde huurgeld en enige skadevergoeding wat hy as gevolg van so 'n versuim of kontrakbreuk gely het, te eis, waarna die oorblywende gelde aan die Huurder oorbetaal sal word.

15. **VERONTAGSAMING VAN KONTRAKBREUK, OF TOEGEWING, BENADEEL NIE VERHUURDER SE REGTE NIE:**

Die Verhuurder is te enige tyd geregtig om hom op die bepalings van die voorafgaande klousule te beroep, al het hy vantevore enige besondere nie-nakomings van hierdie Huurkontrak deur die Huurder verontagsaam of al het hy vantevore uitdruklik of stilswyend toegestem dat die Huurder anders as streng ooreenkomstig sy verpligtinge hierkragtens presteer.

16. **MONDELINGE VERANDERING NIE GELDIG NIE:**

Nòg die Verhuurder nòg die Huurder word gebind deur enige ooreenkoms wat strydig met 'n bepaling van hierdie Huurkontrak is, tensy dit vervat is in 'n skriftelike dokument wat deur elk van hulle onderteken is.

17. **BETEKENING VAN KENNISGEWINGS: KEUSE VAN DOMICILIUM CITANDI ET EXECUTANDI:**

Die Huurder kies: _____

en die Verhuurder kies: LANGSTRAAT 26, BREDASDORP 7280

as hulle domicilium citandi et executandi vir sake wat uit of in verband met hierdie Huurkontrak ontstaan en daar word geag dat enige kennisgewing ingevolge hierdie kontrak behoorlik beteken is as dit per geregistreerde pos gestuur is aan 'n party by sy adres soos hierbo vermeld en word geag VEERTIEN (14) dae na die dag waarop dit gepos is, ontvang te gewees het.

18 **HUURDER MOET PROKUREUR EN KLIëNTKOSTE EN INVORDERINGSKOMMISSIE BETAAL AS GEREGTELIKE STAPPE TEEN HOM GEDOEN WORD:**

Indien die Verhuurder verplig is om 'n Prokureur opdrag te gee om geregtelike stappe teen die Huurder te doen ten einde die standplaas in besit te kry en/of te bewerkstellig dat agterstallige huurgeld en/of skadevergoeding vir kontrakbreuk van hierdie kontrak betaal word en/of om nakoming van enige van die bepalings hiervan af te dwing, dan moet die Huurder alle regskoste betaal wat tussen Prokureur en kliënt in verband daarmee aangegaan is, met inbegrip van sodanige invorderingskommissie as wat sodanige Prokureur regtens geregtig is om te vra.

GETEKEN TE ..... OP HIERDIE ..... DAG VAN .....,
IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE ONDERGETEKENDE GETUIES:
AS GETUIE:

1. _____

2. _____ _____
HUURDER

GETEKEN TE ..... OP HIERDIE ..... DAG VAN .....
IN DIE TEENWOORDIGEHEID VAN DIE ONDERGETEKENDE GETUIES:

AS GETUIE:

1. _____

2. _____ _____
VERHUURDER

BYLAE

UILENKRAALSMOND KAMPEERTERREIN

REëLS EN VOORWAARDES MET BETREKKING TOT SEMI-PERMANENTE STANDPLASE

1. **TOEGANG:**

a. Slegs die amptelike Huurder en sy gesin mag die kampeerterrein binnegaan sonder die betaling van die voorgeskrewe kampeerfooi.

b. Twee gratis toegangskyfies waarop die registrasie van die betrokke voertuig aangebring is sal aan die Huurder uitgereik word en sal ingeruil word indien die voertuig verkoop word.

c. Onderverhuring kan slegs geskied in gevalle waar die standplase ontwikkel is en is nie van toepassing op leë standplase nie. Vir alle onderverhurings sal beide die huurder en die onder-huurder skriftelik aansoek doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Oordbestuurder se kantore beskikbaar is. Die Huurder bly nog in alle gevalle verantwoordelik vir die optrede/handeling van die onder-huurder. Die Huurder moet toesien dat die onder-huurder hom vergewis van die Reëls van die Terrein. Die onder-huurder is verantwoordelik vir die normale daaglikse toegangsfooi.

2. **VERBETERINGS OP DIE STANDPLAAS:**

Die volgende mag op die standplaas gedoen word met die toestemming van die Verhuurder:

a. Slegs een houthuis of een karavaan met een leunhuis soos voorgeskryf deur die Verhuurder sal per standplaas toegelaat word.
b. Stoorruimte met 'n maksimum grootte van 4.5m³ soos voorgeskryf deur die Verhuurder mag voorsien word.
c. 'n Siersteen braai-area word toegelaat mits dit voldoen aan die Verhuurder se voorskrifte.
d. Die Verhuurder se voorskrifte, soos in a, b en c hierbo genoem, is op aanvraag beskikbaar.

3. **VOERTUIE:**

a. Geen motorfietse mag in die kampeerterrein gebruik word nie.
b. Slegs twee voertuie word per Standplaas toegelaat en moet op die Standplaas geparkeer word. Indien hierdie reëling nie moontlik is nie, moet 'n parkeerplek in ooreenstemming met die Oordbestuurder uitgewys word.
c. Daar sal streng opgetree word teen ongelisensieerde en rokelose bestuurders.
d. Alle Reëls wat op 'n openbare pad van toepassing is, geld in die kampeerterrein. L.W.: Enige amptenaar van die Verhuurder of wetstoepasser deur die Verhuurder aangestel het die reg om binne die kampeerterrein 'n bestuurder van 'n motorvoertuig te versoek om bewys van sy bestuurderslisensie te lewer. Oortreders sal aan die S.A. Polisie oorgelewer word.
e. Die hek wat toegang verleen tot die strand sal vir voertuie gesluit bly.
f. Geen ongelisensieerde of onpadwaardige voertuie word in die kampeerterrein toegelaat nie.
g. 'n Snelheidsperk van 15 km. per uur sal binne die kampeerterrein gehandhaaf word.

4. **VULLIS EN ROMMEL:**

a. Die Huurder van 'n Standplaas moet 'n plastiese vullishouer by sy perseel voorsien. Spesiale vullissakke moet vir dié doel aangewend word.
b. Vullis mag slegs in vullishouers gestort word.
c. Takke, blare ens, moet langs die Standplaas geplaas word sodat dit deur werkers van die Raad verwyder kan word.
d. Visafval moet in kleiner plastieksakke geplaas en in 'n vullishouer gestort word.
e. Geen afval mag begrawe word nie.

5. **NETHEID VAN PERSELE:**

a. Karavane en alle ander verbeterings moet te alle tye in 'n netjiese en versorgde toestand gehou word. Gras moet gereeld gesny word.
b. Geen rommel, soos bakstene, planke, blikke en dies meer mag op die Standplaas voorkom nie.

6. **GERIEWEBLOK:**

a. Kinders onder die ouderdom van ses jaar mag die ablusieblokke slegs gebruik indien vergesel van 'n volwassene.
b. Geriewe moet na gebruik in 'n skoon en netjiese toestand gelaat word. Gebruik dit met inagneming van die persoon wat na u kom en dit ook graag in 'n aangename toestand wil vind.
c. Gebruik die warm water uiters spaarsamig. Die verwarmingskapasiteit is nie onbeperk nie en ander huurders wil ook graag die gerief benut.
d. Spesiale krane is by die ablusieblokke aangebring vir die tap van warm water.
e. Die gerieweblokke word vir u gerief gesluit. Hou dit asseblief te alle tye gesluit. Reël asseblief by die Oordbestuurder vir die aankoop van die sleutels
f. Rapporteer asseblief enige defekte aan die Oordbestuurder.
g. Wasgoed mag nie in die handewasbakke gewas word nie.

7. **BOME EN PLANTEGROEI:**

a. Melkhoutbome mag op geen wyse gesnoei word nie. Dit is 'n kriminele oortreding en is deur die howe strafbaar.
b. Geen bome binne of buite die Oord mag sonder goedkeuring beskadig of verwyder word nie. Reël met die Oordbestuurder indien u enige bome, plante of takke van bome verwyder wil hê.
c. Die aanplant van inheemse bome en struike wat in die gebied aard en veral droogtebestand is, word aangemoedig.

8 **DIERE:**

Geen diere mag in die kampeerterrein binnegebring word nie. Daar sal streng teen oortreders opgetree word.

9. **WATERVERBRUIK:**

a. Die Verhuurder behou homself die reg voor om waterbeperkings in te stel wanneer omstandighede dit vereis.
b. Onwettige wateraansluitings sal sonder waarskuwing verwyder word en die oortreder sal die materiaal sonder vergoeding verbeur.

10. **KRAGOPWEKKERS:**

Die gebruik van 'n kragopwekker in die kampeerterrein is ontoelaatbaar.

11. **ALGEMEEN:**

a. Vrye toegang tot die Standplaas moet te alle tye aan amptenare van die Verhuurder verleen word.
b. Swak en steurende gedrag sal nie geduld word nie en ernstige oortredings sal na die S.A. Polisie verwys word.
c. Alle fasiliteite word op eie risiko gebruik. Die Verhuurder aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies nie en dit word aanbeveel dat Huurders voldoende versekeringsdekking vir alle tipes gebeurlikhede uitneem.
d. Standplase mag aan 'n derde party van die Huurder se keuse oorgedra word mits die Standplaas ontwikkel is en 'n versterkte sytent aangebring is. Aansoeke moet op die voorgeskrewe vorms verkrygbaar by die kantore van die Verhuurder, gedoen word Die Huurder bly verantwoordelik

vir die Standplaas en die huur totdat so 'n aansoek goedgekeur is en hy skriftelik in kennis gestel is van die toestemming en die oordrag.

e. **Dit sal waardeer word as enige geval van vandalisme, rusverstoring, gerieve wat in 'n onnette toestand verkeer, rommelstrooiery ens. onmiddellik onder die aandag van die Oordbestuurder gebring sal word.**

f. Geen rusverstoring sal op die terrein toegelaat word nie.

g. Geen vuurwerke van watter aard ookal sal binne die oord toegelaat word nie.

h. Geen tente vir addisionele akkommodasie mag opgerig word nie tensy die Oordbestuurder se spesifieke toestemming vooraf verkry word. Slegs een tent sal per perseel toegelaat word en sulke tente moet op die perseel self opgerig word.

i. Die maksimum getal persone per perseel gehuisves word is 6, tensy vooraf toestemming van die Oordbestuurder verkry word, welke toestemming nie onbillik weerhou sal word nie.

12. **WYSIGING VAN REëLS:**

Die Verhuurder behou die reg voor om in oorleg met die Kampkomitee die Reëls van tyd tot tyd te wysig en aan te pas soos nodig.